# GEBEDSBULLETIN

**April se tema: Huwelike**

**"Dis nie goed dat die mens alleen is nie …." Gen 2:18**

**Hierdie week se DANKSEGGING:**
Loof die Here vir gelukkige huwelike of as jy gelukkig getroud was.
Vir mense wat deur die gebeure in die land na die Here begin terugdraai.
Vir Goeie Vrydag en Paasfees - die 2 Christelike feeste wat ons verlossing uit genade onderstreep.
Vir vakansietyd.

**Hierdie week se SMEKING:**
Vir mense wat hulle lewensmaat verloor het (egskeiding, die dood, altsheimers).
Eljada Nasorg (Oudtshoorn) - residensiële versorgings- en ontwikkelingsdienste aan 98 volwasse persone met intellektuele gestremdhede en dagsorgdienste aan 14 volwasse persone met intellektuele gestremdhede wat in die gemeenskap woon. 'n Groot verskeidenheid projekte en aktiwiteite word aangebied, naamlik perdry-terapie, kognitiewe ontwikkeling, lewensoriëntering, leerwerk, kers- en matmakery, vervaardiging van draadhangers, naald-, krale- en weefwerk, hulp in die tuin en wassery, skoonheidsklasse, Bybelklasse, danse, uitstappies, koorsang by gemeentes, jaarlikse melodrama, swem, toutrek, fietsry, gimnasiumoefeninge en stap. Die fokus is dat hulle selfstandige en volwaardige lede van die samelewing kan wees.
Reën vir die Wes-, Noord- en Oos-Kaap.
Genesing vir ons land - rassisme, ekonomie, onsekerhede, onderlinge verdeeldheid, korrupsie. Bid vir die beplande landwye gebedsaksie vir 22 April in Bloemfontein en die Mighty Men byeenkoms 28-30 April in Middelburg.
Paaie gedurende die Paasvakansie.
Trans World Radio (TWR) het TWR360 ontwikkel, 'n webruimte wat as platform dien om die invloed van die evangelie in elke taal regoor die wêreld te sien uitbrei.
Advokate en prokureurs - vir hulle reuse verantwoordelikheid om reg en geregtigheid te laat geskied. (versoeking om te doenwat verkeerd is ter wille van geld, aansien of hul ego's). Bid dat advokate en prokureurs vir 'n persoonlike verhouding met die Here ken nie.
Vir die beskikbaarheid van vars, skoon water en vir seisoenale reën op elke plek in die wêreld.

## WOEKER VIR MALAWI-UITREIK

Ons verkoop droë vrugte by die kerkkantoor: **Geskilde perskes @** R85 p/kg of R45 p/500g. **Ongeskilde perskes en pruime** @ R65 p/kg of R35 p/500g.



## VLEESBAAI BASAAR

*Woensdag, 12 April vanaf 17:00 in die Vleesbaai saal.*
Koeke, terte, beskuit, gemmerbier, afvalpotjie, kerrie en rys, hoendersosatie, wyntuin, vars groente en vleis, wit olifante, springkasteel, gesiggieverf, en vele meer.
*Kuier, koop en geniet.*



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: APRIL SKOOLVAKANSIE

*"God het deur Christus alles met Homself versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen". (Kolossense 1:19-20)*

| | | |
|---|---|---|
| **EREDIENSTE:** | 2 April 09:00 | Kerkgebou en Vleesbaai |
| | 9 April 09:00 | Kerkgebou en Vleesbaai |
| | 14 April 09:00 | **Goeie Vrydag Nagmaal** om 09:00 in die kerkgebou en op Vleesbaai. |
| | 16 April 09:00 | **Paasfeesdiens** in kerkgebou en op Vleesbaai. |

**KATEGESE EN KINDERKERK:** Begin weer D.V. op 23 April '17.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**NEEM ASB KENNIS: Ds Danie** is 3-19 April **Ds André** is 1-12 April '17 met verlof. Indien u 'n dominee benodig en u dominee is met verlof, skakel gerus vir ds Robert by 044-6912244 of 0846841304.

**DEURKOLLEKTE:** Raadpleeg asseblief u jaarprogram.

**KANTOOR:** Sal gesluit wees op 14 en 17 April '17.

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Geen Bybelstudies.

**KOSKAS: April** is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

Bloemfontein gebedsaamtrek 22 April 12:00-14:00, 'n bus sal van Mosselbaai af ry (teen R1 100 pp). Kontak ds Robert.
Plaaslik sal NG Suid, VGK, AGS en Methodiste lidmate saambid - 22 April 13:00-14:00 by die AGS Da Nova (Da Gamastr 36). Almal welkom!

## ONS BANKBESONDERHEDE



*NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 058 0031 (Dankoffers)*
*NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)*

*Ons wil u aanmoedig om, as dit vir u moontlik is, u dankoffer direk in te betaal by wyse van 'n aftrekorder, elektroniese oorplasing of outobankkoppeling. Dis baie veiliger en spaar die kerk baie bankkoste op kontantdeposito's.*